# Eldo-Gespreksgids

## Jy is spesiaal

## Markus 10: 13-16

In Markus 10 kry ons ’n toneel waar mense hulle kinders na Jesus toe bring. Die dissipels probeer die kinders wegstuur, waarskynlik omdat hulle geglo het Jesus se tyd is te kosbaar om aan sogenaamd “onbelangrike” mense te spandeer. In die antieke wêreld was kinders nie gesien as volwaardige lede van die gemeenskap nie; hulle was afhanklik en weerloos.

Maar Jesus reageer skerp. Hy raak kwaad vir sy dissipels en sê: *“Laat die kindertjies na My toe kom en moenie hulle verhinder nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.”* Daarna neem Hy die kinders in sy arms en seën hulle. Hiermee wys Jesus dat kinders – en dus elke mens – waardevol is in God se oë, nie omdat hulle presteer of iets kan bewys nie, maar eenvoudig omdat Hy hulle liefhet.

Hierdie boodskap herinner aan die storie van Max Lucado se Pinkenolsie. Hierdie storie was die basis van die kinderboodskap verlede Sondag en daarom het hierdie storie ook vir ons as volwassenes waarde. Die Wemels (naam van die klein hout mannetjies) het mekaar voortdurend beoordeel deur sterretjies vir goeie dinge en kolletjies vir foute uit te deel. Pinkenolsie het gevoel hy is niks werd nie omdat hy net kolletjies gehad het. Maar toe hy sy Maker, Eli, ontmoet, hoor hy die waarheid: hy is spesiaal, nie oor wat ander sê nie, maar omdat Eli hom gemaak het en omdat Eli hom lief het.

Net so leef ons ook in ’n wêreld waar mense mekaar aanhoudend beoordeel. Ons kry sterretjies as ons presteer, mooi lyk of gewild is, en kolletjies wanneer ons misluk, foute maak of nie inpas nie. Ouers beleef druk van die gemeenskap wanneer hulle deur die prestasies van hulle kinders, beoordeel word. Tog sê Jesus: Jou identiteit lê nie in ander mense se plakkers nie. Jou waarde kom van God af wat jou geskep en liefgehad het lank voor jy enigiets kon bewys.

Jesus se uitnodiging is om soos ’n kind na Hom toe te kom: afhanklik, nederig, en bereid om sy liefde eenvoudig te ontvang. As ons in Hom rus, begin die sterretjies en kolletjies van mense se opinies hulle greep op ons verloor. As volgelinge van Jesus moet ons ook daarteen waak om kolletjies en sterretjies op ander mense te plak. Ons moet juis dieper kyk as wat die wêreld kyk.

### Gespreksvrae

- Waarin vind jy maklik jou waarde, is dit in mense se opinies, jou prestasies, of in God se liefde? Waarom sê jy so?
- Watter “sterretjies” of “kolletjies” dra jy saam wat jou verhouding met God of ander mense beïnvloed?
- Wat beteken dit prakties om soos ’n kind na Jesus toe te kom in jou daaglikse lewe?
- Hoe kan ons mekaar in ons gemeente help om ons waarde in Christus te vind en nie in mense se plakkers nie?